# Afdeling Natuurwetenskappe en Tegnologie

## Prof. Laurette Pretorius



### BIOGRAFIESE PROFIEL

Prof. Laurette Pretorius is sedert 2007 ’n lid van die SA Akademie en sedert 2021 Akademieraadslid. Daarbenewens sluit haar rol in:

- Oorsig oor die SA Akademie se Afrikaanse Wikipedia-projek wat Akademielede bewus wil maak van die sentrale rol wat Wikipedia as kennis- en taalhulpbron in die kuberruim speel, en om hulle te betrek by die uitbou van die Afrikaanse Wikipedia.

- Sy is ’n stigterslid en voorsitter van die SA Akademie se nuwe Taaltegnologiekommissie en lid van die Kommissie vir Natuurwetenskappe. Haar navorsing fokus op die SA Akademie se rol in die digitale taalontwikkeling van Afrikaans.

Sy is emeritus professor in rekenaarwetenskap aan Unisa en sedert 2022 buitengewone professor in rekenaarwetenskap aan die Universiteit Stellenbosch. Met haar aftrede in 2018 was sy hoof van Unisa se Strategiese Projek vir Afrikatale vir die intellektualisering van die Afrikatale deur middel van taaltegnologie. Sedert 2026 is sy een van die eerste eregenote (honorary fellows) van die South African Centre for Digital Language Resources.

Sy het nagraadse kwalifikasies in rekenaarwetenskap, suiwer wiskunde en toegepaste wiskunde aan die Universiteite van Stellenbosch, Suid-Afrika, Pretoria en Potchefstroom verwerf. Ná haar aftrede het sy ook Zoeloe en Noord-Sotho aan UP studeer en pas haar MA-verhandeling in Afrikatale (Noord-Sotho) ingehandig.

Haar navorsing is toegespits op die natuurliketaalverwerking (NTV) van die hulpbronskaars Suid-Afrikaanse tale, insluitende Afrikaans, Noord-Sotho, Zoeloe en Khoekhoe, asook die rol van natuurlike taal in die veeltalige Semantiese Web, die grondslag van taal in die kuberruim. Sy het reeds meer as 100 artikels in wetenskaplike tydskrifte en portuurgekeurde konferensieverrigtinge gepubliseer en het met haar aftrede ’n B-gradering van die Nasionale Navorsingstigting (NNS) gehad.

Vir 'n SA Akademieprojek onder leiding van prof. Alex Duffey het sy die rekenaarmatige ordening van die inhoud van die *Kunswoordeboek* behartig. Hierdie publikasie is in 2022 met die ATKV Woordwys-toekenning bekroon.

Sy het uitgebreide navorsingsbesoeke aan vooraanstaande universiteite en institute in Frankryk, Nederland, Swede, Finland en Ierland gebring.

---

## MOTIVERING VIR NOMINASIE

Prof. Laurette Pretorius het in die afgelope twee termyne (sedert 2021) as Raadslid van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns met groot entoesiasme en nougesette ywer die doelstellings van die SA Akademie nagejaag. Haar oordeel oor sake van die SA Akademie getuig van deeglike en skerpsinnige besinning.

Haar agtergrond as rekenaarwetenskaplike is 'n besondere bate vir die SA Akademie. Hiervan getuig haar betrokkenheid as stigterslid en voorsitter van die SA Akademie se nuwe Taaltegnologiekommissie en haar lidmaatskap van die Kommissie vir die Natuurwetenskappe, waar haar bydrae tot die SA Akademie se rol in die digitale taalontwikkeling van Afrikaans, insluitende die SA Akademie se Afrikaanse Wikipedia-projek, van groot belang is.